



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

REKENAARTOEPASSINGSTECHNOLOGIE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

150 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

AFDELING A

VRAAG 1

- 1.1 1.1.1 I
- 1.1.2 A
- 1.1.3 G
- 1.1.4 C
- 1.1.5 D
- 1.2 1.2.1 D
- 1.2.2 B
- 1.2.3 A
- 1.2.4 A
- 1.2.5 C
- 1.2.6 D
- 1.2.7 C
- 1.2.8 D
- 1.2.9 B
- 1.2.10 B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 MAN

2.1.2 wiki

2.1.3 CAPTCHA

2.1.4 .rtf

2.1.5 Mbps

2.1.6 metadata

2.2 2.2.1 Die patroon/handtekening/stuk kode wat 'n virus uniek identifiseer.

2.2.2 Gewoonlik 'n "patch" om foute reg te stel.

OF

Die byvoeging van groot/nuutste/kleiner nuwe eienskappe by jou sagteware.

2.2.3 Secure Digital, amptelik afgekort tot SD, is 'n eiendomsregtelike nievlugtige geheuekaartformaat.

OF


'n Secure Digital- (SD-) kaart is 'n baie klein flitsgeheuekaart. SD-kaarte word in slimfone, digitale kameras, e-boeke en motornavigasiestelsels gebruik.

2.2.4 'n Groot stroombaanbord in die rekenaarkas wat verskillende gleuwe en verbindings bevat wat dit moontlik maak om al die komponente van 'n rekenaar te verbind.

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTECHNOLOGIEË

3.1 3.1.1

 <p>[<https://www.pcgamer.com-hardware-guide/>]</p>	
Naam van hardware	SVE
Hooffunksie	<p>Die deel van die rekenaar wat alle data verwerk en instruksies uitvoer.</p> <p>OF</p> <p>Dit is die elektroniese stroombane in 'n rekenaar wat instruksies wat 'n rekenaarprogram uitmaak, uitvoer.</p> <p>OF</p> <p>Dit is die rekeningkundige logika prosessering van data. (Aanvaar ook ander komponente soos registers.)</p>

3.1.2

 <p>[<https://www.networkdrops.com/>]</p>	
Naam van hardware	Veseloptiese kabel (Slegs vesel sal aanvaar word)
Hooffunksie	<p>Veseloptiese kabel is 'n fisiese medium wat toegang tot die Internet voorsien deur data te versend deur ligpulsse te gebruik wat teen die spoed van lig deur veselkabels beweeg.</p> <p>OF</p> <p>Gebruik om toegang tot 'n netwerk te gee.</p>


3.1.3



[<<https://www.webopedia.com>>]

Naam van toestel	Virtuele sleutelbord
Hooffunksie	<p>'n Virtuele sleutelbord is 'n toestel wat die toevoer van karakters moontlik maak sonder dat fisiese sleutels nodig is, aangesien die sleutels op 'n plat oppervlak vertoon word.</p> <p>OF</p> <p>Die wisselwerking met die virtuele sleutelbord vind meestal via 'n raakskermkoppelvlak plaas, maar kan ook in 'n ander vorm in virtuele of uitgebreide realiteit plaasvind.</p>

3.1.4



[<<https://www.learncomputerscienceonline>>]

Algemene naam om die sagteware te beskryf	Toepassingsagteware (Aanvaar Toeps)
Hooffunksie	<p>Dit is 'n program of groep programme wat spesifieke take vir 'n eindgebruiker verrig.</p> <p>OF</p> <p>Programme wat die eindgebruiker toelaat om direk met die rekenaar in wisselwerking te tree.</p>

3.2 3.2.1 Die maksimum getal bladsye wat in 'n maand gedruk kan word sonder dat die drukker faal of breek.

- 3.2.2 • Meer betroubaar (het nie spuitstukke wat geblokkeer kan word of ink wat kan uitdroog nie).
- Voorsien skerper/duideliker teks.
 - Kan kleurdrukstukke van goeie gehalte lewer.
 - Druk oor die algemeen vinniger.

(Enige **EEN** van bogenoemde) [moet geen antwoord verwant aan koste aanvaar nie]

3.3 3.3.1 Formatering sal alle data/lêers op die skyf uitvee/verwyder.

3.3.2 (a) **Aanbeveling:** Skyfdefragmenteerder/Nutsagteware

(b) **Hoe die sagteware werk:** 'n Skyfdefragmenteerder is 'n hulpmiddel wat die lêer se dele herorganiseer/herrangskik, sodat die lêer vinniger van die skyf afgelaai kan word. Dit stel nie skyfspasie beskikbaar nie. (Enige **TWEE** van die bogenoemde)

3.4 3.4.1 Vinnige, herhalende (vinger-) aksies soos kitsboodskappe stuur
Swak postuur
Kragdadige gebruik van sleutels
(Enige **EEN** van bogenoemde)

3.4.2 • Geboë sleutelbord/sleutels teen 'n hoek

- Palm-/polsstut
- Sagte sleutels
- (Bykomende) kortpadsleutels, ens.

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

3.4.3 • Moenie vir lang tydperke werk nie – neem ruste.

- Doen oefeninge (pols/vingers) terwyl jy by die rekenaar sit.
- Gebruik sleutelbordkortpaaie.
- Rangskik die fisiese tafelrekenaar sodat alles maklik bereikbaar is, ens.

(Enige **EEN** (behalwe gebruik van ergonomies ontwerpte toerusting))

3.5 3.5.1 Die 1.3 MP is belangrik, aangesien dit die maksimum resolusie van die beeld verteenwoordig.

OF

Die 1.3 MP is belangrik, aangesien dit die getal megapixels of beeldelemente verteenwoordig.

OF

Die 1.3 MP is belangrik, aangesien dit die gehalte van die beeld verteenwoordig.

(Enige **EEN** van bogenoemde wat verband hou met die beeld wat deur die webkamera vertoon word)

3.5.2 • VoIP/Skype-gebruik/sosiale kommunikasie/Teams Meeting/Zoom

- Videokonferensies/samewerking met ander gebruikers/Aanbieding/Sien aanbieder/demonstrasies

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTECHNOLOGIEË

4.1 WLAN-verbinding (Wireless Local Area Network-verbinding)

4.2 'n Roeteerder maak dit moontlik dat verskillende tegnologieë data (Konnekteer/verkeer/internet) oor verskillende media (meervoudige toestelle) stuur en ontvang

- 4.3 4.3.1
- Voorsien alle gebruikers van wagwoorde/enkripsie.
 - Biometriese toegang tot mobiele toestelle.
 - Beperk toegang tot slegs sekere lêers op die netwerk.
 - Maak 'n lys van toelaatbare IP-adresse. Die gebruiker se IP-adres word vergelyk met 'n lys van "toegelate" IP-adresse om te sien of hierdie toestel gemagtig is om toegang tot die rekening te verkry.
 - Implementeer tweefaktorgeldigheidsvasstelling/-identifikasie saam met die gewone intekening en wagwoord. Die gebruiker sal 'n ander toestel (tipies 'n mobiele toestel) naby moet hê, aangesien hy/sy 'n kode sal moet insleutel wat oombliklik gegenereer sal word.
 - Implementeer 'n **brandmuur**. Dit is 'n netwerksekuriteitstoestel wat inkomende en uitgaande netwerkverkeer monitor en besluit of spesifieke verkeer toegelaat of geblokkeer moet word op grond van 'n gedefinieerde stel sekuriteitsreëls.

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 4.3.2
- Kragonderbrekings/beurtekrag
 - Kragstuwings
 - Hardwarefaling/skyfineenstorting, ens.
 - Indringerware

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

4.4 Netwerkadministrateur (aanvaar IT-/rekenaartegnikus)

- 4.5 4.5.1
- mail.yahoo/yahoomail
 - Gmail
 - Hotmail
 - Ymail
 - Webmail
 - iCloud, ens.

(Enige **EEN** van bogenoemde)

(Aanvaar enige geldige webgebaseerde e-posdiens.)

- 4.5.2
- E-pos is van enige plek af toeganklik met Internettoegang.
 - Toegang tot jou e-pos van al jou toestelle af.
 - E-pos is nie verlore wanneer die rekenaar ineenskort nie.
 - Nie nodig om sagteware op te gradeer nie/nie nodig om sagteware te koop of te installeer nie/spaar
 - Kan beter e-posbestuursopsies hê, byvoorbeeld ten opsigte van aanmelding van spam en strikroef (*phishing*).
 - Nouer integrasie met ander webdienste, byvoorbeeld Google Drive, vir aanhegels.
 - Spaar hardeware stoorplek

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

4.5.3 BCC-veld

- 4.6
- Breëband-/hoë-/vinnige/spoed-Internetverbinding.
 - Onbeperkte/groot datatoekenning/-bondel/bandwydte.
 - Ongevormde verbinding.

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 4.7
- 4.7.1 Om die funksionaliteit van 'n blaaier uit te brei/ekstra multimedia-effekte te besigtig.
OF
Verhoog internetdeurblaaiery ervaring

- 4.7.2
- Adobe Acrobat
 - Java(Script)
 - QuickTime
 - RealPlayer
 - Shockwave Player
 - Silverlight
 - Windows Media Player, ens.

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 4.8
- YouTube
TikTok
Vimeo
Twitch

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

5.1 5.1.1 Toevoermasker, geldigheidsreëls, lys/kombinasieboks.
(Enige TWEE)

- 5.1.2
- Aan watter tipe voertuig sal hulle werk?
 - Watter tipe diens wil die klant gedoen hê?
 - Die registrasienommer van die voertuig om te verseker dat hulle aan die korrekte voertuig werk.
 - Die verlangde band/skokbrekers/batterygrootte.
 - Verlang die klant die balanserings- en wielsporingsdiens?
 - Wil die klant die items wat vervang is, hou, of kan Supertracker daarvan ontslae raak?

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

5.1.3 SISU/GIGU

5.2 **Toevoer**

- Sleutel die fabrikaat, model, jaar, ens. van die voertuig in.

Verwerking

- Sodra die inligting vasgelê is, kan die rekenaar die sensorlesings verkry van die instrumente wat op die wiele geplaas is en bepaal watter werk gedoen moet word.

Afvoer

- Die inligting wat ontvang word, sal aandui watter wiel nie gespoor is nie en watter instellings verander moet word om die wiele dienooreenkomstig te spoor.

(Enige **KORREKTE** antwoord wat toevoer, verwerking en afvoer verduidelik)

- 5.3
- Sluit sleutelbord sodat daar geen ongemagtigde toegang tot die rekenaar is nie.
 - Rugsteun/stoor die data op eksterne hardeskyfaandrywer op 'n veilige plek.
 - Installeer 'n sekuriteitskamera.
 - Laat slegs vertreksleuteltoegang toe (aanvaar sluit vertrek).
 - Gebruik sekuriteitskabels om toerusting vas te sluit.
 - Sekuriteitswagte.
 - Opspoortoestel(le).
 - Alarm.
 - Toegangskaartsleutel/Biometries.

(Enige **TWEE** geldige metodes)

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

- 6.1 6.1.1
- Microsoft Teams
 - Google Classroom
 - Zoom
 - Skype
 - WhatsApp
 - Telegram
 - Webex
 - Moodle
 - Udemy

(Enige **TWEE** geldige platforms)

6.1.2 Beleid oor Aanvaarbare Gebruik (aanvaar AUP)

- 6.2
- Maak seker jou monitor se slaapeienskap is gestel om outomaties in werking te tree wanneer jy vir 'n rukkie weg is.
 - Maak seker jy skakel jou monitor elke aand af en wanneer jy die hele dag of vir 'n paar uur weg gaan wees. Dit sal 'n groot besparing wees wat kragverbruik betref.
 - Verlaag die vertoonhelderheid. Hoe helderder jou monitor is, hoe meer krag word verbruik.
 - Indien jy 'n geanimeerde skermskut het, skakel dit af.
 - Aktiveer bystands- of hiberneermodus om 'n lang wagtyd wanneer jou rekenaar selflaai, uit te skakel.
 - Hou jou rekenaar versien. Net soos 'n motor moet 'n rekenaar in 'n goeie toestand gehou word, anders verbruik dit meer krag, word dit warmer en loop dit stadiger. Deel hiervan is om die geheue elke maand te defragmenteer om jou rekenaar te optimaliseer.
 - Herwin jou ou rekenaar wanneer jy 'n nuwe een benodig in plaas daarvan om dit na 'n stortingsterrein te stuur.
 - Wanneer jy 'n nuwe rekenaar koop, koop "groen". In werklikheid het die meeste skootrekenaars nou energiebesparingseienskappe en hulle kan soos 'n tafemodel opgestel word deur 'n volgrootte monitor, sleutelbord en draadlose muis te gebruik.
 - Digitale afskrif in plaas van drukstuk

(Enige **DRIE** geskikte antwoorde)

6.3 Definisie:

Die naam wat gegee word aan die gebruik van goeie maniere en die toon van algemene hoflikheid teenoor ander gebruikers wanneer jy die Internet gebruik.

Voorbeeld

- Maak seker identifikasie is duidelik in alle kommunikasie. Begin met 'n groet en eindig met jou handtekening.
- Hersien (en gaan spelling na) wat jy skryf en probeer dit objektief interpreteer. Wanneer ons van aangesig tot aangesig praat en verkeerd verstaan word, het ons dadelik 'n geleentheid om ons woorde te herfraseer. Wanneer ons skryf, moet ons twee keer so hard probeer om verstaan te word, aangesien ons nie die voordeel het om intyds te verander of uit te wei nie.
- Moenie net hoofletters ("EK SKREE") en uitroeptekens ("Gee my 'n kans!!!") gebruik nie, aangesien dit verkeerd vertolk kan word as intense woede of humor sonder die toepaslike konteks.
- As jy dit nie van aangesig tot aangesig sal sê nie, moenie dit aanlyn sê nie. Wanneer jy aanlyn werk, is jy veilig agter 'n skerm, maar dit is geen verskoning om ongemanierd te wees of dinge te sê wat jy nooit in die openbaar sal sê nie.
- Moenie aanneem almal verstaan waar jy vandaan kom nie. Sarkasme en geestigheid gee dikwels lewe aan 'n persoonlike gesprek, maar in 'n aanlyn bespreking kan dit nie net trefkrag verloor nie, maar dit kan ook vir jou 'n slag gat wees!
- Moenie spam stuur nie. Moenie jou verbinding met die ander leerders in jou aanlyn klaskamer uitbuit deur e-pos en skakels oor jou politieke/godsdienstige oortuigings aan te stuur of jou dienste te verkoop nie.
- Gebruik emosiekone. In toevallige geselskameromgewings kan emosiekone help om gevoelens oor te dra wat andersins verlore kan raak, waaronder humor, irritasie, uitputting en selfs verwarring. (Aanvaar ook moenie emotikon gebruik solank goed verduidelik is)
- Respekteer ander se privaatheid. Moenie 'n ander leerder se persoonlike e-posadres sonder toestemming uitgee nie.
- Onthou, as dit op die Internet is, is dit oral. Moenie persoonlike inligting oor jouself op 'n openbare aanlyn forum deel nie, veral nie iets wat jou veiligheid of sekuriteit in gedrang kan bring nie.
- Volg die reëls. Onderwerpe wat met akademiese integriteit en leerder-verwagtinge verband hou; aanlyn forums het ook gedragsreëls.
- Vergewe en vergeet. As jy gekrenk voel oor iets wat 'n ander leerder aanlyn sê, hou in gedagte dat jy dalk die bedoeling verkeerd verstaan het. Gee hom/haar die voordeel van die twyfel.

(Enige **EEN** geskikte antwoord)

- 6.4
- Oogvolgtoestelle
 - Kopbewegingtoestelle
 - Sleutelborde met groot sleutels
 - (Groot) spoorvolgballe
 - Beheerstokke
 - Voetpedaal-beheertoestelle
 - Suig- en blaastoestelle, ens.

(Enige **TWEE** geskikte antwoorde)

[Let wel: Antwoorde moet met hardeware verband hou en spesifiek aan motoriese probleem aandag gee]

6.5 6.5.1 **Teistering:**

Wanneer jy voortdurend met boodskappe of data gepla word wat jy nie wil ontvang nie.

OF

Dit is data wat vals en potensieel skadelike inligting oor jou aan ander versprei.

[Moenie voorbeelde aanvaar nie, aangesien die term gedefinieer moet word]

6.5.2 **Kuberaanval:**

'n Aanval op die infrastruktuur van die Web self wat probleme om sake te doen, veroorsaak.

OF

'n Aanval wat 'n bediener oorstrom om normale gebruikers te keer om toegang tot die stelsel te verkry.

[Moenie voorbeelde aanvaar nie, aangesien die term gedefinieer moet word]

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

- 7.1
- Druk die F1-sleutel
 - Klik op die vraagteken/Contact Support/Show Training/What's new wanneer jy die Help-oortjie kies
 - Soekstaaf

(Enige **EEN** van bogenoemde)

- 7.2 **Voordeel:** Bespaar ink/inkpoeier

Nadeel: Drukstuk nie van goeie gehalte nie

- 7.3
- Woord wat verkeerd gespel is, kan 'n homofoon wees (byvoorbeeld "sea" in plaas van "see").
 - Woord wat verkeerd gespel is, is dalk foutiewelik in die woordeboek bygevoeg.
 - Die verkeerde proefleestaal kon gekies gewees het.
 - Ander dialek is gebruik – English (USA) in plaas van English (SA).
 - Ignoreer korrekte opsies

(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 7.4 Filter

- 7.5 Moet in 'n teksblok 'ab' in plaas van 'As' getik word (nie in 'n etiket nie)
Funksienaam is verkeerd (moet AVG wees)
Veldnaam "Score" is nie in vierkantige hakies omsluit nie

- 7.6 Voorwaardelike formatering (Conditional Formatting)

- 7.7 Vou teks om (Wrap Text)

OF

Gebruik Alt+Enter

- 7.8 7.8.1 CSS (Cascading Style Sheets) of Java skrif

- 7.8.2 vertoon gestipte (ongeordende) lys
 vertoon 'n genommerde (geordende) lys

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

8.1 8.1.1 Roosterverwerking

8.1.2 Befondsing van 'n projek of onderneming deur baie klein bedrae geld by baie mense te verkry, meestal via die Internet.

8.2 8.2.1 Die 12 kerne beteken dat 12 fisiese verwerkers op 'n enkele skyfie ingesluit word en dit laat die rekenaar baie beter presteer as wanneer 'n dubbel- of vierkernverwerker gebruik word.

Dit is raadsaam aangesien die wetenskaplikes veelvuldige take sal moet loop terwyl hulle navorsing doen en hulle sal vinnige rekenaars benodig.

8.2.2 Sekondêre berging

8.2.3 Rekenaars word dikwels deur rekenaarvirusse aangeval en moet dus vir virusse geskandeer word sodat hulle uitgeskakel kan word. Die wetenskaplike sal 'n teenvirusprogram benodig om virusdefinisies wat geskep word op 'n gereelde basis te bespeur.

Voorbeelde: Norton, Avast, AVG, NOD32, McAfee, Kaspersky, ens.
(Enige geskikte voorbeeld)

8.2.4 Duursaamheid, want dit het geen bewegende dele nie. Indien die skyf val, sal die wetenskaplike se data steeds veilig wees.

OF

Gebruik minder krag as 'n HDD en sal dus goedkoper wees om te loop, wat meer geld beskikbaar stel vir navorsingsdoeleindes.

(Enige **TWEE** geskikte antwoorde; om die 2^{de} punt te ontvang moet die voordeel verwys na hoe dit vir die wetenskaplike voordelig sal wees)

8.2.5 'n Videokaart (ook 'n grafikakaart, vertoonkaart, grafika-omsetter of vertoonomsetter genoem) is 'n uitbreidingskaart wat beelde vir 'n vertoontoestel (soos 'n rekenaarmonitor) genereer.

OF

'n Videokaart stel die monitor in staat om vinnige aksiereekse te produseer, ideaal vir hoëdefinisievideo.

- 8.3 8.3.1
- Hardwarefalings kan voorkom, die hardeskyfaandrywer kan byvoorbeeld ineenstort.
 - Data kan verlore raak indien rekenaars gesteel word.
 - Dit is moontlik dat rampe soos brande of oorstromings hardeware kan vernietig.
 - Lêers kan deur kragskommelings gekorrupteer word.
 - Lêers kan 'n virus kry.
 - Per ongeluk uitvee

(Enige **DRIE** geskikte antwoorde)

- 8.3.2
- Gebruik sagteware wat jou rugsteunproses outomaties bestuur, dus hoef wetenskaplike dit nie elke keer met die hand te doen nie. (Tydbestuur)
 - Rugsteun slegs data wat onlangs geskep is/gebruikte data/lêers en nie al die data/lêers nie (die idee van inkrementele rugsteuning). (Grootte)
 - Rugsteun lêers ook op eksterne hardeskyfaandrywers/aanlyn. (Veiligheid/Medium)
 - Hou die rugsteunkopieë op 'n ander perseel. (Veiligheid)
 - Administreer die rugsteunkopieë sodat die wetenskaplike nie veelvuldige kopieë van dieselfde lêers het nie.
 - Oorweeg dit om groot lêers wat wetenskaplike nie dikwels gebruik nie, te argiveer. (Grootte)
 - Kontroleer dat rugsteunkopieë werk deur party van die lêers van tyd tot tyd uit die rugsteunstelsel te herstel. (betroubaarheid)
 - Koste

(Enige **TWEE** geskikte antwoorde)

8.4 Ewetoeganklike geheue (*random access memory*) (Aanvaar RAM)

- 8.5
- Bestuur die hardware/toestel (ander hulpbronne soos monitors ingesluit)
 - Voorsien die gebruikerskoppelvlak
 - Bestuur alle toepassings/programme/lêers
 - Voorsien basiese sekuriteit
 - Geheuebestuur
 - Verwerkerbestuur
 - Beheer oor stelselprestasie
 - Taakboekhouding
 - Hulpmiddels om foute te bespeur
 - Koördinering tussen ander sagteware en gebruikers
 - Multitaakverwerking

(Enige **VIER** geskikte antwoorde)

- 8.6
- Die wetenskaplikes kan aantekeninge maak terwyl hulle praat sonder om hul bevindings te moet neerskryf terwyl die toestel die bevindings opneem.
 - Die wetenskaplikes kan sketse en foto's van hul bevindings invoeg.
 - Die wetenskaplikes kan hul bevindings tussen toestelle sinchroniseer en inligting oor die resultate wat hulle het, met ander deel.

(Enige **EEN** geskikte antwoord wat na vaslegging van aantekeninge verwys deur tegnologie te gebruik en nie hul aantekeninge neer te skryf nie)

- 8.7
- Groot lêers kan maklik oorgedra word sonder die groottebeperkings wat dikwels op e-posaanhegsels geplaas word.
 - Sekuriteit kan gehandhaaf word deur 'n gebruikersnaam en wagwoord te gebruik.
 - Die oordrag van 'n lêer kan geskeduleer word om plaas te vind op 'n tydstip wanneer die netwerk nie te besig is nie.
 - Die lêers sal beskikbaar wees vir al die wetenskaplikes wat die FTP-bedieners deel.

(Enige **EEN** van bogenoemde)

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 Hulle kan ergonomies ontwerpte hardeware koop, byvoorbeeld sleutelbord/muis of meubels soos stoele.

- 9.2 9.2.1
- Geslote vrae maak dit makliker om die antwoorde vas te lê en te verwerk om 'n resultaat te gee.
 - Die respondent kan slegs 'n antwoord uit 'n lys of stel opsies kies, dus verstaan die respondent duidelik wat verlang word.

*(Enige **EEN** geskikte antwoord indien dit verwys na die voordeel van die gebruik van geslote vrae in 'n vraelys.)*

9.2.2 Biometriese identifikasie

9.3 (a) **Bandwydte:** Die totale hoeveelheid data wat in 'n bepaalde tydperk van een punt na 'n ander oorgedra kan word.

(b) **Breëband:** 'n Hoëspoed-, hoëbandwydteverbinding met die Internet.

9.4 9.4.1 **Funksie van QR-kode:** Dit is 'n tweedimensionele vierkantige strepieskode wat baie meer data as 'n konvensionele strepieskode kan stoor.

OF

Dit is 'n strepieskode wat die stoor van baie data oor 'n spesifieke onderwerp/produk moontlik maak.

OF

Dit is 'n kode wat die leser na 'n werf neem waar toegang tot data oor 'n spesifieke onderwerp/produk verkry kan word.

Vereistes: Die wetenskaplikes sal 'n toestel benodig soos 'n slimfoon wat met 'n kamera toegerus is en hulle sal spesiale sagteware/internetverbinding moet hê om die kode te interpreteer.

9.4.2 RES is 'n diens wat gebruikers outomaties van bygewerkte inhoud soos nuwe inskrywings wat deur die wetenskaplikes gemaak word, voorsien sonder om die inligting te skandeer of daarna te soek.

9.5 9.5.1 Kommentaar

- 9.5.2
- Moet 'n spasie tussen "font" en "size" hê
 - Moet "color" wees
 - Moet "Arial" wees
 - 12 is 'n ongeldige fontgrootte [nie nodig om te noem dat maksimum grootte 7 is nie]
 - Dubbele " uitgelaat
- (Enige **TWEE** van bogenoemde)*

9.6 Die belegger moet die bladsy verfris of toemaak en weer oopmaak om bygewerkte inligting te ontvang.

9.7 9.7.1 (a) **Uitvoerbare lêers**

'n Lêer wat in 'n formaat is wat direk loop/installeer sonder dat enige bykomende sagteware of fasiliteit nodig is.

(b) **Saamgeperste lêers**

Hierdie tipe lêer word gebruik om data te stoor in 'n formaat wat minder berguimte vereis.

9.7.2 **Rede:**

Versoenbaarheidsmodus versper tydelik nuwe of verbeterde Word-eienskappe sodat die dokument steeds geredigeer kan word deur mense wat die vroeër weergawe van Word gebruik.

Voorbeeld:

File Save As-opsies kies die opsie om "laer" weergawe van huidige dokument waarin jy werk, te verseker

OF

Lêerinligting – versoenbaarheid

9.8 9.8.1 **Hardeware** – Roeteerder, Netwerkkarte, Kabel, Spil, Brug, Skakel, Modem.
(Enige **EEN** van bogenoemde)

Sagteware – Bedryfstelsel wat verbinding moontlik maak, netwerkmoniteringsagteware.
(Enige **EEN** van bogenoemde).

9.8.2 'n Brandmuur is 'n netwerksekuriteitstoestel/hardeware/sagteware wat inkomende en uitgaande netwerkverkeer monitor en besluit of spesifieke verkeer toegelaat of geblokkeer moet word op grond van 'n gedefinieerde stel sekuriteitsreëls.

9.9 Voeg afdelingonderbrekings in (sodat bladsy 3 in sy eie afdeling is) of kies inligting.
Pas landskapformatering op hierdie afdeling of die gekose inligting toe.

9.10 Opskrif (*caption*)

9.11 Possaamvoeging

9.12 Sodat die naam outomaties bygewerk sal word (indien die dokument byvoorbeeld hernoem word.)

Totaal: 150 punte